

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 2**

**11 Januarie 2026**

# In Pas met God se wil… - (Stephan Joubert)

## Inleiding

**"Hoe kan 'n mens ooit weet wat God se wil is?'**
**"Is alles in die ewigheid vooruit bepaal?"**
**"Wil God hệ ek moet emigreer?"**
**"Is dit die Here se wil dat hierdie slegte ding met my gebeur het?" …ens**

**Hierdie is tipiese vrae wat gewoonlik opduik wanneer mense praat oor God se wil. Die Bybel vra of beantwoord ons vrae nooit op 'n Google-agtige manier nie. Nog minder dink die Bybel oor God se wil in die vorm van haarfyn uitgewerkte teologie of resepmatige vraag-en-antwoord-sessies. In 'n neutedop: God se wil is altyd verhoudingsmatig. Dit gaan oor 'n nuwe verhouding met God in Christus, nie oor 'n paar krisissituasies of spesiale gebeurtenisse in jou lewe waarvoor jy 'n Goddelike opinie benodig nie. God se wil is 'n leefwyse. Dit is 'n leefroete. Jy doen God se wil terwyl jy hierbinne leef. Jy wandel elke dag op sy pad. God se wil gebeur nie toevallig nie. Dit word voltyd nagestreef en uitgeleef. Die vraag na God se wil verskyn daarom nie net op die horison wanneer jy by die vurk op die lewenspad aangekom het en haastig wil weet of jy links of regs moet draai nie.**
**Net soos jy doodseker kan wees jy is die aardse kind van jou eie ouers, net so kan jy heeltemal seker wees oor God se wil omdat jy in die regte verhouding met Hom leef. Dit is nie 'n blote gelukskoot om binne sy wil te wees nie. Nog minder is dit 'n "in-uit" –situasie – nou is jy in en dan weer uit. So lank as jy op so 'n manier aan God se wil dink as iets waarna jy eintlik net soek tydens al daardie krisismomente in jou lewe, dink jy veels te eng hieroor. Dan beperk jy God se wil tot seker momente, insidente of keuses in die lewe. God se wil is 'n lewenslange verhouding ín Christus. Om meer en meer verander te word na die beeld van Sy Seun. Dít is sy wil!**
**Net soos jy groei in enige liefdesverhouding, net so groei jy ook in jou liefde, kennis en gehoorsaamheid aan God! Net so leer jy om al hoe meer koersvas binne sy verhoudingswil te leef te midde van elke klein en groot keuse wat jy maak.**

**Dankie!**

Dat ons God se wil in Sy Seun, Jesus Christus kan ken!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir al die onderwyssisteme wat weer gaan begin..vir Christelike opvoeding van ons kinders.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Oom Piet Pretorius
- Marcel Holtzhausen
- Suzette Claes

Hettie Singleton
WP Britz
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Spokie Vorster
Rina Roos
Jaap Naudé

**Gedagte vir die week**
**Hierin het die liefde sy doel met ons volkome bereik:**
**Ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie,**
**want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde**
**net soos Jesus!**
**1 Joh 4:17**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org